



11 JULY 2015



FREE DELIVERY AND INSURANCE IN SOUTH AFRICA

HARTSWATER SPRINGBOKKE / HEARTWATER SPRINGBUCK



Hartswater:

Rooibokke, njala's en wildebeeste is nie vatbaar vir hartswater nie, maar springbokke wel.

Springbokke het vroeër jare natuurlik in die bosveld voorgekom. Die feit dat hulle vrylik kon beweeg, het voorkom dat hulle hartswater kon optel, veral tydens die somer. Sedert kampstelsels die norm geword het en springbokke se migrasie daardeur beperk is, het menige springbokke as gevolg van hierdie siekte gevrek.

Springbokke wat geleidelik en vir lang periodes aan bosluise blootgestel is, het 'n

natuurlike weerstand teen bosluise begin opbou en daarvandaan die naam 'hartswaterspringbok'.

Daar bestaan egter wildboere wat gepoog het om springbokke valslik te bemark as hartswater springbokke nadat gewone springbokke bloed ontvang het van hartswater springbokke.

Golden Breeders se ervaring is dat die behandelde diere wel 'n kans vir oorlewing sal hê, maar dat die nageslag lammers nie die natuurlike weerstand teen bosluise sal oorerf nie en aan die siekte sal vrek sodra hulle aan bosluise blootgestel word.



“Wanneer hartswater springbokke aangekoop word, moet seker gemaak word dat die kudde 'n hoë persentasie gesonde lammers opgelewer het.”

Daar bestaan tog die moontlikheid dat hartswater springbokke wel aan hartswater kan vrek indien hulle verskuif word na 'n nuwe gebied waar hulle aan 'n ander tipe hartswater blootgestel word. Indien mens met hartswater springbokke wil boer, is dit raadsaam om hulle eers op savannaveld met kort gras te laat loop, waar hulle geleidelik blootgestel kan word aan die bosluissoort wat daar voorkom.

Geskiedenis:

Golden Breeders het in 2010 'n groep hartswater springbokke uit die Nylstroom omgewing, by 'n wildboer aangekoop wat op daardie stadium reeds 'n geruime tyd met hulle geboer het en bekend was vir sy kwaliteit diere.

Gedurende 2013/2014 is daar genoeg vroulike diere geteel en kon hulle uitbrei na ander kleurvariante onder andere koper-, wit- en karamel springbokke. Jaarliks word lammers van soortgelyke kleur in nuwe teeltroppe met fenotopies dieselfde eienskappe gegroeper. Daarna word die beste ram uit hierdie groep geselekteer.

Die springbokke pas bo-gemiddeld goed aan in die bosveld omgewing en ontvang tans geen parasietbehandelings of bosluisbeheer nie.



Kampe:

Die springbokke loop in kampe saam met wildebeeste, njala's en rooibokke in 50ha dubbelkampstelsels. Aangesien vier spesies saamgeboer word in 'n kampstelsel is dit beter om elke spesie se bakbeplanning afsonderlik te doen en die bakke nie te naby aan mekaar te plaas nie, en mededinging vir kos en beserings kan veroorsaak. Wat springbokke, njala's en rooibokke aanbetref, word bakke nie nader as 3m van mekaar geplaas nie en word gereken dat 3-4 diere per bak sal saamvreet. In die geval van wildebeeste sal ongeveer 2 diere per bak saamvreet. Indien daar 30 wildebeeste is, benodig jy dus 15 bakke.



VIR VEILING:

Hartswater, wit- en karamel springbokke



Vir navrae, plaasbesoeke en raad aangaande enige onderwerp kontak:
 Johan Oosthuizen
 082 456 7892 of
 Hendrik van der Walt
 082 7702 990

